SKOOLDRAG 2018

Handtekening van Voorsitter van BL: _____ Datum: _____

Handtekening van hoof: _____ Datum: _____

SOMERSDRAG DOGTERS

ROMP OF BROEKROMP:
Groen en wit geruite skoolromp of broekromp (culotte).

BLOES:
Bottelgroen oorhangbloes met kort moue.

Opsioneel
Bottelgroen "drimac" met geen logo.
Bottelgroen en goudgeel sportbaadjie.
Bottelgroen langmou V-nek skooltrui met Skoolwapen op linkerbors geborduur.
Bottelgroen kort skoolkouse met 2 x geel strepe in omslag. Die kouse word eenkeer omgevou sodat die geel strepe wys.
Swart skoolskoene met bandjies oor die voet of toerygskoene.
Sool by die hak nie meer as 3cm hoog nie. Skoene moet skoon en netjies wees. (Geen seilskoene, tekkies of enige ander skoene mag by die skooldrag gedra word nie). Skoene is nie verpligtend nie, en veral in die somer is dit opsioneel.
Kleurbaadjie. Let wel: Die Kleurbaadjie mag nie saam met die sweetpakbroek gedra word nie, maar slegs saam met ‘n grys broek of geruite romp.

WINTERSDRAG DOGTERS

Mag gedra word in Junie, Julie en Augustus.

OPSIE 1:
Bottelgroen en goudgeel micro-active sweetpak met Danie Malan logo op linkerbors geborduur.
Bottelgroen en goudgeel gholfhemp met omslaankraag, skoolwapen op linkerbors geborduur. Groen skoolkouse soos by somersdrag.
Swart skoolskoene verpligtend. (Geen seilskoene of enige ander skoene mag by die skooldrag gedra word nie.)
Geen gekleurde truie, komberse en onderhemde wat uitsteek mag gedra word nie.

Opsioneel:
Skooltrui soos by somerdrag.

Sportbaadjie soos by somersdrag.
Slegs `n bottelgroen wolserp sonder patroontjies is toelaatbaar asook ‘n wolmussie – bottelgroen soos serp en handskoene.

OPSIE 2:
Skoolromp of broekromp en bloes soos by somersdrag.
Bottelgroen broekiekouse of groen langbeen skoolkouse met 2 x geel strepe in die omslag. Die kouse word eenkeer omgevou sodat die geel strepe wys.
Geen gekleurde truie, komberse en onderhemde wat uitsteek mag gedra word nie.

Opsioneel:
Skooltrui soos by somerdrag.
Sportbaadjie.
Slegs `n bottelgroen wolserp, bottelgroen wolmussie & handskoene sonder patroontjies.
Swart skoolskoene.
Kleurbaadjie. Let wel: Die Kleurbaadjie mag nie saam met die sweetpakbroek gedra word nie, maar slegs saam met ‘n grys broek of geruite romp.

OPSIE 3:
Groen oorhangbloes.
Grys langbroek dogterssnit.
Swart skoolskoene verpligtend.
Geen gekleurde truie, komberse en onderhemde wat uitsteek mag gedra word nie.

Opsioneel:
Skooltrui.
Sportbaadjie.
Slegs `n bottelgroen wolserp, bottelgroen wolmussie & handskoene sonder patroontjie.
Kleurbaadjie. Let wel: Die Kleurbaadjie mag nie saam met die sweetpakbroek gedra word nie, maar slegs saam met ‘n grys broek of geruite romp.

SOMERSDRAG SEUNS

GRYS KORTBROEK:
Bermuda styl kortbroek.

BOTTELGROEN HEMP:
Bottelgroen hemp ingesteek met goudgeel wapen geborduur op linkersak.

Opsioneel:
Bottelgroen "drimac" met geen logo.
Groen katoen langbeen skoolkouse met 2 x geel strepe in die kous omslag. Die kouse word eenkeer omgevou sodat die geel strepe wys.
Swart toeryg skoolskoene. Geen gespe-skoene nie.
Sool by die hak nie meer as 3cm hoog nie. Skoene moet skoon en netjies wees. (Geen seilskoene, tekkies of enige ander skoene mag by die skooldrag gedra word nie.) Skoene is nie verpligtend nie, en is veral in die somer opsioneel.
Kleurbaadjie. Let wel: Die Kleurbaadjie mag nie saam met die sweetpakbroek gedra word nie, maar slegs saam met ‘n grys broek of geruite romp.

WINTERSDRAG SEUNS

Mag gedra word in Junie, Julie en Augustus.

OPSIE 1:

Bottelgroen en goudgeel micro-active sweetpak met Danie Malan logo op linkerbors geborduur.
Bottelgroen en goudgeel gholfhemp met omslaankraag met skoolwapen op linkerbors geborduur.
Groen skoolkouse.
Swart skoolskoene verpligtend. (Geen seilskoene of enige ander skoene mag by die skooldrag gedra word nie).
Geen gekleurde truie, komberse en onderhemde wat uitsteek mag gedra word nie.

Opsioneel:

Skooltrui soos by somerdrag.
Sportbaadjie.
Slegs `n bottelgroen wolserp, bottelgroen wolmussie & handskoene sonder patroontjies.

OPSIE 2:

Bottelgroen hemp ingesteek met goudgeel wapen geborduur op linkersak soos somersdrag.
Grys langbroek seunssnit.
Swart skoolskoene verpligtend.
Geen gekleurde truie, komberse en onderhemde wat uitsteek mag gedra word nie.

Opsioneel:

Skooltrui soos by somerdrag.
Sportbaadjie.
Slegs `n bottelgroen wolserp, bottelgroen wolmussie & handskoene sonder patroontjies.

Kleurbaadjie. Let wel: Die Kleurbaadjie mag nie saam met die sweetpakbroek gedra word nie, maar slegs saam met ‘n grys broek of geruite romp.

VRYDAGDRAGKLERE – SOMER

GHOLFHEMP:

Bottelgroen en goudgeel gholfhemp met omslaankraag met skoolwapen op linkerbors geborduur.

KORTBROEK:

Bottelgroen micro-active Bermuda met Danie Malan logo op linkerpant geborduur.

Opsioneel:

Sport Tekkies. Geen Tomy tekkies is toelaatbaar. (Skoene opsioneel). Slegs Vrydagdrag kouse (sportkouse) is toelaatbaar.
Geen Vrydagdrag-klere in winter

LEIERSDRAG

DOGTERS

Somer:
Groen en wit geruite skoolromp of broekromp (culotte).
Wit oorhanghemp met kort moue.
Winter:
Wit oorhanghemp met kort moue.
Groen en wit geruite skoolromp of broekromp (culotte) of grys dogterssnit grys langbroek.
Baadjie:
Leiers kleurbaadjie. Die kleurbaadjie mag nie saam met Vrydagdrag gedra word nie.
Skoene:
Leiers moet skoene dra as hul kleurbaadjie dra en ook na funksies soos die Merietefunksie en Redenaarsaande. Dit is nie verpligtend dat leiers skoene dra nie.

SEUNS

Somer:

Grys kortbroek.
Wit insteekhemp met kort moue.
Winter:
Wit insteekhemp met kort moue.
Grys langbroek.
Baadjie:
Leiers kleurbaadjie
Skoene:
Leiers moet skoene dra as hul kleurbaadjie dra en ook na funksies soos die Merietefunksie en Redenaarsaande. Dit is nie verpligtend dat leiers skoene dra nie.

SPORTDRAG

Atletiek en landloop	Vrydagdragbroek met atletiekhempie. Groen “ski-pant” is ook toelaatbaar.
Netbal	Vrydagdraghemp met bypassende rompie en wit sportkouse.
Hokkie	Vrydagdraghemp met bypassende rompie en groen hokkiekouse.
Tennis (dogters)	Vrydagdraghemp met bypassende rompie en wit sportkouse.
Tennis seuns	Vrydagdraghemp en kortbroek met wit sportkouse.
Rugby	Swart rugbybroek met rugbytui. Eerstespan dra ‘n groen rugbybroek.
Krieket	Vrydagdraghemp met wit krieketbroek.
Sagtebal	Vrydagdraghemp met bottelgroen sagtebalbroek en sagtebalkouse.
Gholf	Vrydagdraghemp met wit langbroek.
Provinsiale kleure	Die volledige drag mag Vrydae gedra word in die jaar of seisoen waarin dit verwerf is. In die geval van Sagtebal mag die leerder dit in die volgende jaar dra totdat die nuwe Sagtebalseisoen aanbreek.
Liggaamlike opvoeding	Vrydagdrag of skool sweetpak. Dit is verpligtend dat die leerders die korrekte drag met liggaamlike opvoeding dra.

Slegs skoolsweetpakke of `n skooltrui word toegelaat na deelname of gedurende die reis na sport of kultuurbyeenkomste.

JUWELE

DOGTERS

Geen juwele of horlosies word tydens sportdeelname gedra nie.
Dameshorlosie om die pols. Geen uitspattige of gekleurde horlosies word toegelaat nie. Geen horlosie wat die funksie van ‘n selfoon verrig mag gedra word nie.
Slegs een paar klein oorknoppies silwer of goud of –ringetjies (1cm deursnee) van goud of silwer.
Slegs `n seëlring word toegelaat.
Geen hangertjies (behalwe die wat allergieë ens. aandui).
Tydens die dra van Vrydagdrag of gewone klere mag geen juwele of grimering gedra word nie en hare volgens skoolreëls.
Slegs noodbandjies mag gedra word.

SEUNS

Seuns dra geen juwele, hangertjies of oorringe nie. Oorgaatjies is nie toelaatbaar nie. Slegs `n mans-polshorlosie en “medic alert” bandjies word toegelaat.

HARE

DOGTERS

Geen kleurverandering of strepe is toelaatbaar nie.
Lengte: Wanneer die hare aan die onderste rand van die kraag raak, moet dit vasgemaak word.
Slegs groen of swart balletjies, rekkies of kammetjies word toegelaat. Groen, geel, geruite groen en wit lint word toegelaat.
Hare moet in twee poniesterte aan die kante of een in die middel van die kop vasgebind wees.
'n Funksionele plastiek "Alice Band" van groen, geruite groen, wit, geel of swart mag gedra word.
'n Kuif mag nie aan die wenkbroue raak nie.
Permanent gegolfde hare moet uitgekam wees. Geen woeste haarstyle is toelaatbaar nie. Leerders wat hul hare kleur, permanent golf of rebelse haarsnitte het sal dadelik 'n dissiplinêre verhoor moet bywoon.
'n Dogter sal aangespreek word as haar hare nie netjies vertoon nie.
Geen gepluisde of gejelde hare word toegelaat nie. Geen "mousse" is toelaatbaar in die hare nie.
Geen haarverlengings wat nie aan die skool se reëls en regulasies voldoen, sal nie toegelaat word nie.

SEUNS

Hare bokant die ore en bokant die kraag agter is kort en word geleidelik langer na boontoe. Hare mag nie langs die kop agtertoe gekam word om die ore oop te kry nie. 'n Digte bos hare of 'n "wal" in die nek of op die kop word nie toegelaat nie.
'n Lang kuif oor die wenkbroue word nie toegelaat nie (indien die kuif afgetrek word, mag dit nie oor die wenkbroue wees nie.
Geen moderne snitte of rebelse hare (soos "punk"), of die kleur van hare, haarstertjies of permanente golwing (perm) of wal word toegelaat nie. Leerders wat hul hare kleur, permanent golf of rebelse haarsnitte het sal dadelik 'n dissiplinêre verhoor moet bywoon.
Geen "mousse" of "gel" in hare nie.
Geen patrone mag in die hare gesny of geskeer word nie.

GRIMERING

Geen grimering word toegelaat nie.
Geen lipglans (lip gloss) of "lip ice" wat die kleur van die lip verander mag gedra word nie.

NAELS

Naels moet kort, skoon en netjies wees.
Wanneer hande vertikaal gehou word, mag die naels nie uitsteek nie.
Geen gekleurde naellak van watter aard ookal word toegelaat op hande of voete nie.
Geen vals naels word toegelaat.